
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

Jesus het uit die hemel na die aarde gekom om die mensdom te verlos. Hy is uit 'n Maagd gebore, Hy was volkome mens en volkome God omdat Hy die Seun van God is en daarom kon Hy alleen die volmaakte offer wees, aanvaarbaar vir God om die prys vir ons verlossing te betaal. Hy het ook gekom om ons die weë van Sy Vader te leer, hoe om in die Heilige Gees te wandel en om volgens God se Koninkryk se beginsels te leef wat ewig is. Hy het ons geleer dat ons ware tuiste in die Hemel is en dat ons slegs vreemdelinge hier op Aarde is, maar dat ons gedurende ons tyd hier op die Aarde deur geloof in ons Hemelse Vader God moet leef en in Sy Woord. Jesus het deur Sy voorbeeld geleer, omdat Hy Sy Vader volkome vertrou het gedurende Sy tyd hier op die Aarde en Hy is die Leidsman en Voleinder van ons geloof, dus moet ons werklik aandag gee aan Sy Woord en aan diè van Sy Vader wanneer dit gaan oor hulle opdragte en hoe om deur geloof te lewe.

Die Here het weereens tot ons harte gespreek, oor die belangrikheid van Sy Woord wat sê: **Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. Hab. 2:4,** en dieselfde woorde word herhaal in Heb. 10:3 en Rom. 1:17: **Die Regverdiges sal uit die geloof lewe.** Ons besef dat hierdie woorde baie belangrik moet wees deurdat die Here dit drie keer in Sy Woord verklaar en in Heb. 11:6 lees ons dat sonder geloof dit onmoontlik is om God te behaag. Ons moet in God, Sy Woord en Sy vermoë glo, en ons moet ook glo dat Hy 'n beloner is van diè wat Hom soek. Ons kan alleenlik net geloof in God hê, want alles en almal behalwe God is feilbaar.



Jesus
leidsman en voleinder van ons geloof
(Heb. 12:2)

Jesus het deur Sy voorbeeld geleer, omdat Hy Sy Vader volkome vertrou het gedurende Sy tyd hier op Aarde en Hy is die Leidsman en Voleinder van ons geloof, dus moet ons werklik aandag gee aan Sy Woord en aan diè van Sy Vader wanneer dit gaan oor hulle opdragte en hoe om deur geloof te lewe.

Ons mag dink dat hierdie onderwerp te eenvoudig gestel en basies is, of iets waarvan ons reeds al lank al bewus is. Miskien "dink" ons dat ons alreeds alles in verband met Geloof weet wat God vir ons in Sy Woord leer en hierdeur kan ons mislei word en glo dat ons besig is om hierdie nodige geloof in God in ons lewens toe te pas omdat ons "alles daarvan weet". Maar kom laat ons weer opnuut na hierdie diep stelling in Hab. 2:4 kyk en met Abraham begin. In Rom. 4:3 lees ons: **Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.** Hy is ook deur God Sy vriend genoem (2 Kron. 20:7), want **hy het waarlik God op Sy Woord geneem en daarop gereageer. Hy was 'n dader van die Woord, hy was gehoorsaam**.

As ons vir 'n paar oomblik Abraham se geloof ondersoek en wat dit alles behels sal ons miskien ook 'n ware prentjie kry van geloof wat ons Hemelse Vader begeer en behaag.

Die geloof van Abraham word beskryf in Hebreërs hoofstuk 11 verse 8-10 en ook in verse 17-19.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is. Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus—Leidsman en voleinder...)

gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.

Ons sien hoe Abraham eenvoudig God op Sy Woord geneem het en kinderlik gehoorsaam was nieteenstaande dat dit menslik onbillik en onmoontlik gelyk het nie. Hy was nie beïnvloed deur omstandighede of situasie waarin hy homself gevind het nie. Sy hoop en vertroue was volkome in God se beloftes aan hom, vertroue in God se Woord en nie in sy eie vermoë nie.

Die Hele Bybel bestaan uit wonderwerke – die Bonatuurlike

'n Kosbare suster in die Here het ons onlangs besoek en met ons gedeel hoe die Here haar gewys het watter onvermoë (ongeloof) Sy mense toon om Sy bonatuurlike, Goddelike vermoëns, wat aan hulle beskikbaar is, in hulle eie lewens te ondervind, as ware kinders van die Here. Die Here het haar herinner aan die feit dat die hele Bybel 'n reeks van wonderwerke is wat Hy vir Sy mense gedoen het. Byvoorbeeld; Moses wat as 'n babatjie weggesteek was; deur Farao se dogter groot gemaak en in die paleis die beste onderrig ontvang het vir die groot taak wat God vir hom en die volk van Israel beplan het, die vermoë om die eerste vyf boeke van die Bybel te skryf. Wonderwerke soos die Rooi see wat geopen was, wat die Israeliete instaat gestel het om daardeur te loop, maar die Egiptenare uitgewis het toe hulle die Israeliet agtervolg het. Wonderwerke soos Daniël, wat deur God beskerm was in die leeu kuil, Joshua se oorwinning in Jerigo, Gideon se oorwinning oor die Midianiete, die maagdelike geboorte van Jesus, die son wat stil gestaan (kinders van ons Hemelse Vader). Ons is alleenlik deur die bloed van Jesus Christus geregverdig, en dit is in Sy regverdigheid dat ons geregverdig is. As regverdiges moet ons met oortuiging meer en meer as ooit tevore "uit die geloof" lewe, in hierdie laaste dae.

Geloofshelde

Dit is net vir ons nodig om na Hebreërs hoofstuk 11 as 'n riglyn vir ons eie lewens te kyk, hoe hierdie geloofshelde oortuig was deur God se vermoë en deur hulle geloof in God hoe hulle opgetree het. Hulle het Vader God in die mees onwaarskynlike omstandighede vertrou en God het hulle nooit teleurgestel nie.

Dit was eers toe hierdie voorbeelde van geloof 'n openbaring vir ons geword het, dat ons besef het dat God se Woord vir ewig vasstaan en dus nog van toepassing vir vandag is. Met hierdie vertroue in God het ons begin om dieselfde geloof toe te pas hier by die Sentrum, en soos die vaders van ouds het ons God se Hand in beweging gesien. Ons het vir die afgelope 20 jaar, dag na dag God se bonatuurlike ondervindings op alle gebiede beleef.

Hierdie stelling is nie wensdenkery nie, maar waaragtig gestaaf deur baie getuienisse wat daagliks eer aan ons Wonderwerkende Hemelse Vader bring. Selfs die feit dat die Here vir ons die afgelope 20 jaar finansieel voorsien het om Sy Woord te kon versprei, is 'n getuienis opsigself. Soos met die ou Geloofs Vaders het dit nie van ons eie vermoëns afgehang nie, maar ons het net eenvoudig ons volle vertroue in God en Sy Woord en beloftes geplaas, en deur Sy Heilige Gees gelei. Vir die mense wat hulle oë op die aandeel pryse en die Rand/ Dollar wisselkoers het, wil ons julle net verseker dat ons

By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik. Mark. 10:27.

het, en so kan ons aangaan. Die Here het ons vriendin herinner, dat Hy nog dieselfde God is (Jak. 1:7), met dieselfde vermoë en krag, en as ons maar net sal glo volgens die Bybel dat Hy nooit verander het nie, dan moet dit tog vir enigeen logies wees dat Hy nog sulke wonderwerke vandag vir Sy kinders kan doen, Jesus het self gesê: **By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik. Mark. 10:27.**

Dieselfde wonderwerke van Jesus geld ook vir vandag, want Hy is dieselfde gister vandag en tot in ewigheid (Heb. 13:8). God het ook vir haar gesê dat Sy krag nie verminder het nie, maar nogtans leef Sy kinders ver te kort om die volheid van Sy vermoëns te ondervind en te geniet. Omrede dat ons, as die regverdiges, nie elke dag deur ons geloof in Sy vermoëns lewe nie! Dit is interessant om in Markus 6:1-6 te lees toe Jesus na Nasaret, Sy vaderstad, teruggekeer het kon Hy geen wonderwerke doen nie, maar net vir 'n paar siekes hande oplê en gesond maak en Hy was verwonderd oor hulle ongeloof. Dit was net hulle ongeloof wat Hom beperk het om wonderwerke te kon doen. Onthou Hy was dieselfde Jesus, met dieselfde krag en vermoë, Hy was die Seun van God, maar nogtans kon die ongeloof van mense Hom verhinder om Sy krag te ondervind.

Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe, en daarin lê die antwoord. Wanneer die Bybel die woord "regverdige" gebruik verwys dit na die diegene wat hulle harte aan die Here Jesus gegee het en wedergebore is Hemelse Vader vir ons sal sorg en in al ons behoeftes sal voorsien, want Hy bly die Here van Here en Hy is nog in beheer van al die ontwikkelinge wat in hierdie laaste dae plaasvind. Maak vandag 'n kwaliteit besluit om jou vertroue opnuut in die Here te plaas, want ons sekuriteit is in Vader God in die Naam van Jesus en nie in die dalende geldstelsel nie. Maar onthou Matt. 6:19-34 vertel ons mooi in vers 33 dat ons eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid moet soek en dat Hy al hierdie dinge sal byvoeg. Wat is hierdie dinge waarvan Jesus praat? Ons vind die antwoord vanaf vers 19 en in vers 34 sê die Here: **Kwel julle dus nie oor more nie, want more sal hom oor sy eie dinge kwel....**


Gaan Sy rus in

Heb. 4:9 en 10: **Daar bly dus 'n Sabatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.**

Hierdie plek van rus wat vir gelowiges moontlik is om in te gaan, is die uiterste vorm van geloof in die Here. Dit is 'n plek wat ons in ons Christen wandel bereik; 'n plek van volwassenheid deur gehoorsaamheid en geloof waar ons ophou om dinge in ons eie krag en intellek te probeer uitwerk of op te los. 'n Plek waar ons van ons eie werke rus en God volkome vertrou. Onthou Jesus is ons Sabatsrus en as ons in Jesus bly, kan ons tot rus kom. Ons moet veral hierdie jaar tot 'n punt kom en besluit om nie op ons eie vermoë staat te maak nie, maar om

(Vervolg op Bl. 6)

JESUS was born to make us



FREE

Our freedom has been bought at a very great price because God wants us to be free to be the very best that He has intended us to be. God created each one of us with enormous potential and when we receive Jesus we are free, not to do whatever we want to do, but free to reach our full potential in Him and be the person He intended us to be.

Freedom is a word which conjures up visions of birds flying through the air, dolphins jumping in the waves and butterflies flitting from flower to flower. But have you ever stopped to consider what true freedom really is? In the world of politics, people talk of the struggle for freedom and often when this "freedom" in attained, they still find that they do not feel as free as they thought they would. The same applies to pupils who think that once they have finished school, they will be free, but they soon find that there are still rules and boundaries that restrict their daily living. Most people think that freedom is being able to do whatever you want to do whenever you feel like doing so. Oh if I did not have to work, I would be free to play golf all day every day, free to shop till I drop, free to visit friends or just stay under the bedcovers and read all day and every day! We have a warped idea of freedom brought about by the world's idea and interpretation of "freedom". Freedom, they say is not having to be bound by any rules and restrictions. Freedom, they think, is absence of any and all restraint. However this is far from the truth because it were true, this would just bring about a different form of "slavery", one which would end in chaos through self centred bondage which does not produce liberty, but bondage of a different sort! Freedom is therefore not the absence of boundaries and rules, that would result in anarchy.

So then what is real freedom that all of mankind so desperately desires to enjoy? God tells us exactly what it is in His Word. It is certainly not the absence of restraint, as man claims it to be, God tells us that FREEDOM is obtained by TRUTH. Only in Jesus, can man be truly free. Jesus said **in John 8:31-32: Then said Jesus to those Jews which believed on Him, If ye continue in My word, *then* are ye** My **disciples indeed; And ye shall know the TRUTH, and the TRUTH shall make you free.** It is therefore, according to Jesus' words, TRUTH that makes us free!

So what you may ask IS truth? Again Jesus answers this question in His prayer to His Father in **John 17:17: Sanctify them through Thy truth: Thy word is truth.** From these two statements of Jesus we establish that TRUTH MAKES US FREE, AND THAT GOD'S WORD IS TRUTH! But that is not all, Jesus said something else about truth which we read in **John 14:6: Jesus saith unto him, I am the way, the TRUTH, and the life: no man cometh unto the Father, but by Me.** So the Word of God is TRUTH and Jesus says that He is the TRUTH. This confirms what John 1: 1 and 14 says: **In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word was made flesh, and dwelt among us, (and we beheld His glory, the glory as of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.** Jesus is the Living Word of God who came to make man free because He is truth!

When Jesus was speaking to those Jews who believed on Him, we read in John 8: 31- 36**... If ye continue in My word, *then* are ye My disciples indeed; And ye shall know the truth, and the truth shall make you free. They answered Him, We be Abraham's seed, and were never in bondage to any man: how sayest thou, Ye shall be made free? Jesus answered them, Verily, verily, I say unto you, Whosoever committeth sin is the servant of sin.**

And the servant abideth not in the house for ever: *but* the Son abideth ever. If the Son therefore shall make you free, ye shall be free indeed.

Jesus tells them in this passage of scripture that it is in fact SIN THAT KEEPS MAN FROM BEING FREE – IT IS BONDAGE TO SIN THAT PREVENTS US FROM KNOWING TRUE LIBERTY. Then, praise God, He adds that He has come to make us free! Free from sin and free to be God's children! Satan brought sin into this world through lies! We read in Genesis 3 that he lied to Adam and Eve and that she believed his lie, which resulted in the fall of man.

It has always been God's desire for us to be free, and that is why He sent His only begotten Son to die on a cross as a Living Human sacrifice, so that we can be truly free if we believe on Him as Saviour and Lord, and are obedient to His Words! **If ye <u>continue in My word</u>, *then* are ye My disciples indeed; And ye shall know the truth, and the <u>truth shall make you free</u>. (John 8: 31-32)**

Our freedom has been bought at a very great price because God wants us to be free to be the very best that He

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 Jesus was born….
has intended us to be. God created each one of us with enormous potential and when we receive Jesus we are free, not to do whatever we want to do, but free to reach our full potential in Him and be the person He intended us to be. In other words, God has not saved us to be **free** to do whatever we "feel" like, we are not **free** to be disobedient to God, but **free** to become everything He knows that we can be. To reach your potential in the Lord, is real freedom.

When Jesus said to the Jewish believers; "Whoever commits sin, is the servant of sin"(John.8:34), He was pointing out to them that they could never be truly free if they persisted in sin. When you and I continue to sin, knowing well that we are being disobedient to God, we will never truly experience the FREEDOM that Jesus came to give us, because sin keeps us in bondage to Satan. However we read in 1John 1:9**: If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us *our* sins, and to cleanse us from all unrighteousness.**

We can know the freedom there is from guilt and shame as we walk with the Lord Jesus in the Spirit and become all that He desires us to be. We have the freedom to know Him intimately, to talk to Him, to become more like Him daily.

God's Word tells us that Jesus came to set the captives free (Luke 4:18), and it also tells us in **1John 3:8: He that committeth sin is of the devil; for the devil sinneth from the beginning. For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil.** Satan always works through lies which bring us into bondage and Jesus came to bring truth. We can never be free when we are entangled with the devil's lies which lead us into sin, that is why God's path to freedom is TRUTH, because TRUTH dispels the lies of our enemy who continually tries to put us into bondage and steal our God given freedom. Lies have always been Satan's method of robbing man and we read this in **John 8:44** : **Ye are of *your* father the devil, and the lusts of your father ye will do. He was a murderer from the beginning, and abode not in the truth, because there is no truth in him. When he speaketh a lie, he speaketh of his own: for he is a liar, and the father of it.**

This is why TRUTH is God's way for absolute freedom for man as it annihilates Satan's lies and resulting bondage. When we walk in truth with God, with our self and with one another, only then do we experience true liberty. Whether we are behind prison bars, office desks, or stoves, it makes no difference, TRUTH remains God's method for true freedom!

Jesus tells us in **John 15:26: But when the Comforter is come, whom I will send unto you from the Father, *even* the Spirit of TRUTH, which proceedeth from the Father, He shall testify of Me:**

Jesus came from Heaven to this Earth, fully God and fully man, to break the bondage of the sin we were in! Sin, deception and lies! He was born to make us free, so we must abide in His Word and continue in it. He came to bring us TRUTH and in this TRUTH He gave us the greatest FREEDOM this world could ever know. God's method for FREEDOM has always been TRUTH and it remains so today.

Then again in **John 14:17: *Even* the Spirit of TRUTH; whom the world cannot receive, because it seeth Him not, neither knoweth Him: but ye know Him; for He dwelleth with you, and shall be in you.** And this is confirmed in **John 16:13: Howbeit when He, the Spirit of TRUTH, is come, He will guide you into all TRUTH: for He shall not speak of Himself; but whatsoever He shall hear, *that* shall he speak: and He will shew you things to come.** The Word of God tells us in 2Cor. 3:17; that **"Where the Spirit of the Lord is, there is liberty"** (freedom). Jesus said that when He went to the Father, the Spirit of TRUTH would come and indwell those who believe in Him as Saviour and Lord. So when we are indwelt by the Spirit of God, He will reveal the TRUTH of God and the TRUTH of His Word through which we will experience His freedom. Knowing God's Truth and obeying it, always results in God's desired freedom for His children; freedom from Satan's bondage and lies. And the closer your walk is with Jesus, and more you walk in obedience to God's TRUTH, the more freedom you will experience and enjoy.

The more you learn to trust your Heavenly Father and His Word, the greater the liberty is to become the person He has ordained you to be in order to fulfill His purposes for your life. True freedom is to come into that place of obedience to His will and His ways, to enter the rest that He has for you in Jesus, to not only know the truth of His Word but to experience the outworking of it in your life, as He conforms you to the image of His Son who is the embodiment of truth. Read His Word, memorise His Word, study His Word, because it is your key to freedom!

Jesus came from Heaven to this Earth, fully God and fully man, to break the bondage of the sin we were in! Sin, deception and lies! He was born to make us free, so we must abide in His Word and continue in it. He came to bring us TRUTH and in this TRUTH He gave us the greatest FREEDOM this world could ever know. God's method for FREEDOM has always been TRUTH and it remains so today. When you walk in truth, the devil has nothing on you; he cannot bring guilt and condemnation on you, so you are free in every sense of the word. My prayer is that you and I will allow our lives to be controlled by truth and motivated by love, let us yield our lives to Him today and realise the full potential and freedom that God has intended for each one of us through His Son, our Lord Jesus Christ. **If the Son therefore shall make you free, ye shall be free indeed. (John 8:36).** □



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

'n Getuienis van danksegging

Ek groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus. Dit is met groot opgewondenheid dat ek hierdie vir julle skryf, want die tyd het uiteindelik vir my aangebreek om die gevangenis te verlaat. Op die 10de September gaan ek huis toe! Ek wil net hiermee vir julle sê baie dankie vir jul ondersteuning deur middel van die boeke en nuusbriewe, want dit het baie vir my beteken. Hou asseblief aan om vir my die nuusbriewe te stuur. Ek gaan ook van die boeke by julle bestel vir die gevangenes, maar ek sal julle laat weet. Die Here was baie goed vir my in my tyd hier (40 maande) en dis juis mense soos julle waardeur Hy werk om ons te bereik. Weereens baie dankie vir alles en mag God julle seën in alles wat julle in Sy Naam mag aanpak.
Met tonne Jesus liefde

Ursula

Hierdie skrywe is om dankie te sê ! Julle gebede het werklik 'n verskil gemaak. Ons huis was in Julie maand amper 'n jaar in die mark. Ons moet Pretoria toe verhuis. Ek het met Dawid gepraat (telefonies). Na julle gebede was daar skielik belangstelling. Die eerste persone het 'n opsie gevra maar die bank wou nie 'n lening toestaan nie. Na nog 'n oproep, antwoord julle dogter. 'n Paar dae daarna, uit die bloute, staan hier 'n man by ons hek. Vra om na die huis te kyk. Hy sê toe hy wil net graag inkom en die huis sien. Hy sê toe: "Hierdie huis wil ek hê." Bring toe later sy vrou en sy hou toe ook van die huis. 'n Maand later kon ons trek. En bly nou al sedert 25 Augustus hier. Beste van alles, hierdie persone is kontant kopers. Nogmaals baie dankie vir julle gebede!

Mev T Pieterse, Pretoria

Elf jaar terug was ek geklassifiseerde kanker 3de graad. Dr James en span het vir my gebid en Jesus het my ten volle genees. Prys sy grote Naam en glo dat Jesus my nou weer kan aanraak wat my huidige ongestelheid aan betref. Groot is U onse God Halleluja!

Mev S C Jacobs, Ventersdorp

I would like to thank you all from the bottom of my heart for your prayers, love and support. Knowing I had such a strong group of believers praying for us truly increased my faith. It was so lovely to meet you all and I was so moved by your love, gentleness and kindness. I had no idea how great your ministry is until I read the books that you gave me afterwards and I realised how selfless you were to freely offer me so much of your time!
God healed my son of cancer. In January 2008 Troy was diagnosed with a malignant brain tumour and given a 2 year life span by several top surgeons. It was untreatable with radiation as he was too young (13 months old), the tissue type would not respond to chemotherapy and it was too dangerous and too deep to remove surgically. There was no hope in man's eyes. Every time the news got worse I knew God had a bigger and bigger plan for our lives and just held on to the Lord. My dear friend called your centre from the UK and asked for your prayers. Then the Lord came to rescue us from certain horror. A very kind Professor in Cape Town offered to try and remove some of the tumour and we rushed down there as fast as we could. The afternoon before the operation the Professor said there may have been a mistake in the pathology report and the tissue may not be so malignant. The operation went well amidst risks of death, paralysis and speech impairment. The tissue was indeed not as milignant as initially diagnosed – a miracle of God! Troy has fully recovered and is perfectly healed in the name of Jesus. From being very discontent, squint with a paralysed right side he is now a joyful, strong and healthy toddler with aboslutely no bad symptoms. Jesus is Lord! I know without a shadown of doubt that I can trust our God to protect Troy and I am going to watch that small piece of tumour left behind shrivel up and die in the mighty name of Jesus. God has shown me that it has been done and His wonderful work is compete. I rejoice in the Lord and thank Him constantly. I have been given uncontainable joy by the Lord and nothing can take it away. Incidently, nothing irritates or frightens me any more. My worst nightmare has happened and God has faithfully delivered me with His strong right arm. There is nothing that can come against my family or yours that God cannot overcome. What the enemy sent to destroy us, God has used to bless us and I am a much more joyful, faithful and focused Christian than ever before. I give God the glory! Thank you for your prayers and for surrendering your life to helping God's children in need. May God bless you all richly and for eternity. Praise and glory be to God our Father, Jesus His Son and the Holy Spirirt. Love

Mrs K Winter, Witbank

Weereens baie dankie vir die gebede wat u gebid het vir my dogter, Dorothy. Wel, sy is volkome genees al die eer aan Jesus. Die dokters het gesê dit sal bykans 'n jaar of langer neem voordat sy weer haar regter hand se vingers sal kan gebruik. Nou het Jesus dit verkort, en met 'n paar maande toe is die gebruik van haar vingers genees. Dien ons dan nie 'n wonderlike God nie? Sy doen ook alweer masjien werk waarop sy versot is. Baie dankie ook vir dokter en u span se gebede. Mag onse Vader julle seën.
Groete

Mev S Ward, Middelburg

Dr James en almal by die Sentrum, ek groet julle in die Naam van ons Koning Jesus Christus. Ek het in Junie maand vir julle 'n brief gestuur waarin ek voorbidding gevra het vir my seun wat net nie by al sy verpligtinge kon uitkom met die salaris wat hy verdien nie. Hy was 'n pos in Camroon aangebied en verdien nou sodat hy al sy verpligtinge kan nakom. Ons Vader voorsien, Hy is getrou en Sy Woord sal noot leeg na Hom terug keer. Ons loof en prys Sy Naam!

Mev F Steyn, Christiana

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Jesus—Leidsman en voleinder...)
tenvolle op God se bonatuurlike weë en vermoë te vertrou om die vereiste resultate te volbring. Ons het nie nodig om vir Hom voor te skryf of idees te gee nie. Ons het nie nodig om gefrustreerd of ongeduldig te word nie. Ons het nie nodig om 'n situasie te verregverdig of te verdedig nie – ons het wel nodig om Sy rus in te gaan, daardie plek wat in Hom bestaan terwyl ons in gehoorsaamheid aan Hom en Sy Woord voortgaan. Laat ons vers 11 van Heb. 4 onthou **Laat ons ons dan beywer om in te gaan in diè rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.**

Gehoorsaamheid aan God is 'n baie belangrike deel van geloof, en Sy "rus" is 'n plek in die gees – 'n plek van volle vertroue en vrede. Ons hoef net Psalm 91 te lees om ons te herinner aan daardie plek van rus in God; op voorwaarde dat ons vertroue alleen in Hom en in Sy Woord is.

Onthou ons word nie passief deur om Sy rus in te gaan nie, inteendeel die Woord spoor ons aan om ons te **beywer om die rus in te gaan.** Ons het almal die ondervinding gehad dat dit baie makliker is om "iets omtrent 'n situasie of probleem te doen", as om liewers net vir die Here "te wag" om in te gryp! Dit is hoekom dit vir ons belangrik is om 'n aktiewe besluit te neem om dinge nie in ons eie krag en vermoè te probeer uitwerk of oplos nie. Baie van ons het sulke goeie en wonderlike idees hoe om vir ons toekoms en die toekoms van ons geliefdes te beplan, maar as hierdie planne nie God s'n is nie, sal ons nie Sy volmaakte doel en Sy heel beste ervaar nie. Ek herhaal, om in God se rus in te gaan, is die hoogste vorm van geloof! Wanneer ons met volle vertroue op die Here wag, sal Hy vir ons Sy weë en Sy perfekte plan wys. Miskien is daar 'n gegewe situasie wat nie in Sy geopenbare Woord mag wees nie, bv. Of ons 'n besigheid moet koop, of verhuis ens, maar as ons in geloof (vertroue) bid en op Hom wag, sal Hy Sy perfekte Plan en Tyd aan ons openbaar.

sal nog regverdiger word en die heilige nog heilige word en die heerlike waarheid in die midde van hierdie eindtyd gebeurtenisse is dat diè wie hulle God in hierdie dae vertrou en wat gehoorsaam is aan Sy Woord, sal Sy bonatuurlike voorsiening, beskerming en wonderwerke ervaar! Diègene wie Hom in kinderlike geloof vertrou in die storm van die lewe en verwag dat Hy Sy Woord, net soos Hy belowe het, sal volbring; diè sal in die laaste dae sterk staan. Hy is besig om alles te skud wat geskud kan word, sodat net dit wat ewig en standvastig is sal bly staan. Daarom is dit belangrik dat ons "huis" op die Rots van God se Woord gebou is en nie op die sand van ongehoorsaamheid en die wêreld se "wysheid" nie. Dit is diè wie Hom lief het, Hom dien, Sy Woord glo en hulleself afsonder vanuit die onheilige toestand wat besig is om ons te omring in 'n wêreld wat homself regmaak vir die Antichris se heerskappy, hulle sal die bonatuurlike tussentrede van hulle Ewige God, ons Hemelse Vader, sien. Jesus het dit nodig gevind om ons te vermaan dat Hy, met Sy terugkeer, vir geloof sal soek en dit is hoekom die regverdiges deur hulle geloof moet lewe. Wanneer die geldstelsel inmekaar stort – sal die regverdige deur sy geloof lewe! Wanneer misdaad en geweld hoogty vier – sal die regverdige deur sy geloof lewe! Wanneer die politiese stelsel misluk – sal die regverdige deur sy geloof lewe! Wanneer die misoes en droogte voorspel word sal die regverdige deur sy geloof lewe! Baie belangrik – Geloof is om onvoorwaardelik te glo dat Vader God sal doen wat Hy sê Hy sal doen as jy doen wat Hy in Sy Woord beveel dat jy moet doen. Maar hoe sal jy weet wat God sê jy moet doen as jy nie Sy Woord (die Bybel) lees om die Goddelike instruksies te ontvang nie en jou kennis net op hoorsê van allerhande godsdienstige leerstellings gebaseer is?

Kom ons besluit nog vandag om God en Sy Woord bo alles en met ons hele hart te glo en daarvolgens te reageer, nieteenstaande wat die probleme is nie. Dit mag

Gehoorsaamheid aan God is 'n baie belangrike deel van geloof, en Sy "rus" is 'n plek in die gees – 'n plek van volle vertroue en vrede

<u>Sal Hy wel geloof op aarde vind? Lukas 18:8</u>

Nog 'n rede hoekom die regverdiges deur die geloof sal leef, is omdat wanneer Jesus terugkom om ons te kom haal, verwag Hy om geloof in die harte van Sy Bruid te vind. Jesus waarsku ons in Lukas 18:8: **...maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?**

Hy kom terug vir diè wat in geloof waak en op Sy koms wag. Tot tyd en wyl moet ons ons geloof in God se Woord en Beloftes vir elke situasie en omstandigheid in ons lewens beoefen. Hierdie Bybelse geloof is nie 'n kits ondervinding nie, maar kom geleidelik soos ons vertroue vermeerder, soos in die lewens van die Bybelse helde. Die Bybel verklaar dat voor Jesus se koms sal die wêreld wees soos in die dae van Noag (Matt. 24:37). Dinge gaan nie beter word nie, dit maak nie saak waar ons bly of wat ons finansiële situasie is nie. Die Bybel vertel ons dat in die laaste dae die onregverdige nog meer onregverdig sal word en diè wat vuil is laat hom nog vuiler word (Openbaring 22:11) en dat hongersnood, wetteloosheid, misdaad, geweld, rebellie en oorloë, vloedrampe en droogtes sal seëvier. (Matt. 24:6-7). Maar die regverdiges wees dat jou geloof in jou hart gewankel het, oor iets wat jy oor 'n lang tydperk vir die Here voor gevra het en nog nie antwoord gekry het nie. Miskien 'n ongeredde geliefde, 'n finansiële situasie, 'n kroniese siekte, hierdie is die jaar om opnuut die Here te vertrou en om Sy antwoord te verwag. Alhoewel dit die laaste maand van hierdie jaar is, is dit nooit te laat om ons geloof te beoefen nie!

Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig om nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe. (Heb. 10:35-39) □

(Vervolg op Bl. 8)



uit **Dr James** se kantoor

Ek kan dit skaars glo dat dit die laaste Uit Dr James se kantoor is vir dié jaar. Hierdie jaar het waarlik verby gevlieg en ons was bewus van baie van God se profesieë in Sy Woord wat beaam is en nog besig is om 'n werklikheid te word ! Ek voel dat ons die tyd moet delg omdat die dae waarin ons leef waarlik die laaste van die laaste dae is, ons beleef die onsekerheid van die wêreld se sisteem maar die Here het ons in Sy Woord daarvan in detail gewaarsku dus hoef ons nie te vrees nie. Inteendeel, die Woord sê dat dit 'n bewys is dat die koms van Jesus naby is! Halleluja!

2008 was 'n baie produktiewe jaar vir die Sentrum gewees. Die Here het ons wonderlik geseën met Sy vermoë, Sy krag en goeie gesondheid, Sy liefde, beskerming, openbaring van Sy Woord en voorsiening. Weereens wil ons almal by die Sentrum elkeen van julle bedank vir al die insettinge wat julle in ons lewens hierdie afgelope jaar gegee het. Baie dankie vir al julle oproepe, briewe, getuienisse, gebede en finansiële ondersteuning. Ons gee voortdurend alle dank en eer aan ons Hemelse Vader vir julle gehoorsaamheid om gewillige en blymoedige kanale van Sy voorsiening te wees en vir julle gebede vir ons. Mag julle oorvloedige seën ontvang vir alles wat julle gedoen het tot die eer van die Here hierdie afgelope jaar sodat die Woord van Waarheid duisende kosbare siele kon bereik. Die laaste opdrag wat Jesus aan die gelowiges gegee het in Markus 16 vanaf vers 15, voordat Hy opgevaar het was: "Gaan verkondig die evangelie aan die ganse mensdom".

Hoe onmoontlik het dit dertig jaar gelede gelyk om ooit so 'n opdrag uit te voer. By mens was dit onmoontlik! Hierdie jaar 2008 het die Here hierdie opdrag gedeeltelik vervul, en al ons boeke wat ons oor dertig jaar geskryf het (deur die leiding van Sy Heilige Gees), is op die internet geplaas, en nou kan enige persoon oor die hele wêreld net 'n knoppie druk en enige boek lees, aflaai, of in hulle eie taal vertaal en verniet beskikbaar maak. Halleluja! www.stangerchristiancentre.co.za

Dit is alleen die Woord van God wat Red, Vrymaak en Genees, soos God se Heilige Gees dit volbring in die Naam van Jesus in die lewens van dié wat op Hom vertrou. Die wins van julle aandeel om ons by te staan en wat dit vir ons moontlik maak, wag vir julle in die Hemel en is van Ewige Waarde. Weereens baie dankie vir julle gebede wat ons gedurende 2008 gedra het. Baie kosbare siele is gewen vir die koninkryk van ons Hemelse Vader, soveel mense is verlos van die onderdrukking van die vyand en ons juig oor die vele liggame wat genees is en siele wat gered was.

Alle eer aan ons Hemelse Vader en ons Here Jesus wat dit alles moontlik gemaak het deur Sy Kruisdood. Ons Vader is getrou en regverdig en ons kan nie begin om die dankbaarheid wat in ons harte is teenoor Hom, uit te spreek nie, dit is te groot, te veel en oorweldigend. Baie, baie dankie Here vir U goedheid en U getrouheid !!!

Die eksamens is verby - ons het vir dié wat eksamens geskryf het voor die Here in gebed opgedra en verwag dat Hy ons gebede beantwoord het; en nou loof ons die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê. Ons bid vir dié wat reis vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie tyd geseënd sal wees.

Mag die Here se vrede en vreugde u deel wees, en mag u Sy groot liefde en Sy teenwoordigheid ervaar.

Met baie liefde tot volgende jaar,

Dr James

Dit is alleen die Woord van God wat Red, Vrymaak en Genees, soos God se Heilige Gees dit volbring in die Naam van Jesus in die lewens van dié wat op Hom vertrou. Die wins van julle aandeel om ons by te staan en wat dit vir ons moontlik maak, wag vir julle in die Hemel en is van Ewige Waarde. Weereens baie dankie vir julle gebede wat ons gedurende 2008 gedra het.

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

**Worry looks back,
Sorrow looks around,
Faith looks up.**

**Fixing our eyes on Jesus, the author and perfecter of faith, who for the joy set before Him endured the cross, despising the shame, and has sat down at the right hand of the throne of God.
Heb. 12:2**

KENNISGEWING

Ons doen 'n baie dringende en belangrike oproep aan al ons vriende wat 'n faks vir gebed of versoek aan ons stuur, om die faks te beperk tot EEN BLADSY. Dikwels kry ons 'n faks van 3 tot 10 bladsye wat onmoontlik is om te hanteer. Gee asseblief basies net die naam, adres en versoek. Baie dankie vir julle samewerking.

BELANGRIKE BOEKE OOR DIE GESIN EN DIE HUWELIK

Vir verdere Bybelse informasie aangaande die huwelik en die gesin, raai ons u aan om die volgende boeke te lees wat vanaf die Stanger Christelike Sentrum beskikbaar is of op ons web www.stangerchristiancentre.co.za
'n Suksesvolle Huwelik (Boek nr. 36); Innerlike Genesing (Boek nr. 8); Wat verwag God van die Huisgesin (Boek nr. M4); Die Krag van Vergifnis (Boek nr. M64) en Die Vrou na aan God se Hart (Boek nr. 69).

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

*There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage
you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.*



(Vervolg vanaf Bl 6 - Jesus—Leidsman en voleinder...)

Hy is besig om alles te skud wat geskud kan word, sodat net dit wat ewig en standvastig is sal bly staan. Daarom is dit belangrik dat ons "huis" op die Rots van God se Woord gebou is en nie op die sand van ongehoorsaamheid en die wêreld se "wysheid" nie.